Saterdag **21 Desember**

**Skrifgedeelte: Jesaja 12:1-6**

**Fokusgedeelte: Jesaja 12:3 (AFR83)**

**Net God is my Redder**

God het die volk Israel in ballingskap laat gaan. Hy kon hulle onreg en vormgodsdiens nie vergra nie. Daarom het Hy sy volk gestraf.

Maar God was nie vir altyd toornig nie. Nee, Hy self het beloof dat Hy die oorblyfsel van die volk Israel sal laat terugkeer na hulle eie land. Wanneer ’n mens God se uitkoms ervaar, kom daar vreugde in jou hart en lofliedere oor jou lippe.

Die water uit die fonteine van redding is beeldspraak. Dit wys op die verlossing wat God gee. Toe God die volk Isreal uit die Egipte gelei het, het Hy in die woestyn voorsien tydens die uittog.

Nou voorsien die Here weer tydelike en geestelike seëninge vir sy volk wanneer Hy hulle terugbring uit ballingskap. Nou sal hulle water skep uit die fonteine van redding. In harte sal daar weer vreugde en blydskap wees.

Dit is ook elke dag ons voorreg. Wanneer ons die Woord van God lees en bestudeer, drink ons ook uit die strome van God se goedheid (Ps. 36:9). Jesus het later hierby aangesluit toe Hy uitgeroep het (Joh. 7:37): “As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink.”

Die lewende water is in oorvloed beskikbaar (Joh. 7:37; Ps. 36:9). Wanneer jy daarvan drink, sal dit ’n borrelende fontein in jou word. Jy sal wees soos ’n boom wat by waterstrome geplant is, waarvan die blare nie verdroog nie en wat op die regte tyd vrugte dra (Jer. 17:8).

Wanneer jy Jesus se uitnodiging, “As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink”, ernstig opneem, sal ook jy juig oor God se goedheid en voorsiening.

*Sing: Psalm 18-1:1*

*Ds. Peet J van der Walt (Emeritus)*